

Offers van aanbidding aan die Here (OP62)

Num 28:1-25, 26-27, 29:1-2, 7-8, 12-17, 39-40

17 Oktober 2021

Ons is besig met die laaste gedeelte van die boek Numeri. In hierdie laaste gedeelte het ons alreeds verskeie maniere gesien waarop die volk voorberei is op die Moabsvlakte vir hulle inname van die beloofde land. Ons het gesien daar is weer 'n sensus gehou, soos destyds by Sinai. Hierdie sensus moes die volk voorberei vir hulle militêre stryd om die land in te neem en moes ook as basis gebruik word om die land te verdeel. Ons het gesien hoe Selofgad se dogters suksesvol gemotiveer het dat hulle ook geregtig is op 'n deel van die land, en laasweek het ons gesien hoe Josua aangewys is as leier in die plek van Moses wat op die punt is om te sterf.

Vandag kom ons by 'n verdere voorbereiding vir die lewe in die beloofde land: die Here herinner die volk aan die offers wat Hy verwag hulle moet bring, asook die feestye waartydens hierdie offers gebring moet word. Dit word in Num 28 en 29 beskryf.

Inleiding tot die offers en feestye (Num 28:1-2)

Hierdie is natuurlik nie die eerste keer dat ons in die Pentateug lees van hierdie offers nie. In Eks 23 lees ons dat terwyl die volk by Sinai was het die Here al vir hulle voorskrifte gegee oor die hou van die sabbatdag, asook oor die drie groot feeste wat hulle jaarliks moes hou – dit is die pasga saam met die fees van die ongesuurde brood, die fees van die weke en die loofhuttefees. Verder beskryf Lev 1-7 in detail die verskillende offers wat die Here vir die volk voorgeskryf het, en in Lev 16 word die Groot Versoendag in detail beskryf. In Num 28 en 29 word nie al hierdie detail herhaal nie – die volk het tog reeds kennis gedra hiervan. Wat Num 28 en 29 wel vir ons beskryf is dat die Here die tweede geslag, wat óf nie by Sinai was nie óf destyds baie jonk was, herinner aan die offers en die feeste wat Hy vir hulle voorgeskryf het. Die gevolg is dat ons hier 'n baie nuttige samevatting het van die voorgeskrewe offers en feeste, wat ons help om te verstaan hoe dit alles in mekaar gesteek het. En natuurlik help dit ons as ons nou wil besin op watter wyse is al hierdie offers en feeste voorbeelde en waarskuwings vir ons.

Num 28:1-2 is inleidend. Hier lees ons dat die opdrag oor hierdie sake direk van die Here af kom, en let op Moses moes die volk dienooreenkomstig “beveel” – dit was dus verpligtend, die volk kon dit nie net ignoreer nie. Vers 2 onderstreep dat daar 'n bestemde tyd was vir elk van die offers/feeste – soos wat ons sal sien wanneer ons netnou na die detail kyk. Lees vers 2 in die OAV: die woord “My” kom 5 keer voor – dit is die Here se offers wat vir Hom gebring moet word. Dit is natuurlik so dat al die offers wys na die eenmalige offer van Jesus, en dus na die werk van die Here self, en so strek dit tot Sy eer.

Vers 2 (OAV) brei hierop uit as dit sê dat die offers 'n lieflike geur vir die Here is. Dit is belangrik om raak te sien dat dit nie soseer die fisiese reuk van die offers is wat vir die Here 'n lieflike geur is nie. Lees 1 Sam 15:22. Hier het Saul en die volk die beste diere van die Amalekiete gespaar, kwansuis om dit aan die Here te offer. Maar Samuel sê vir Saul dat die Here nie soseer brandoffers wil hê nie, maar wel gehoorsaamheid. En die beginsel is ook geldig in Num 28 en 29. Die lieflike geur vir die Here is die gehoorsaamheid van die volk as hulle in opdrag van die Here wel die voorgeskrewe offers bring. Heb 10:1-10 gee vir ons 'n verdere perspektief hierop: Vers 1 maak dit duidelik die Ou Testamentiese offers was maar net 'n skadubeeld. Vers 3-4 maak dit duidelik dat hierdie offers die erns van sonde uitgewys het, sonder dat dit werklik die sonde kon aanspreek, en gevolglik het die Here nie behae in die diereoffers as sulks nie (vers 5-6). Vers 9 maak dit duidelik dat waar die Here

wel behae in het, is dit waarna die diereoffers wys – naamlik die eenmalige offer van Jesus self – dit is hierdie offer wat ‘n lieflike geur voor die Here is, omrede dit werklik die volk van sondes reinig.

Lees ook Num 29:39 in die OAV – ongelukkig mis die NAV die betekenis van die vers. Die punt hier is dat die voorgeskrewe offers wat in hierdie twee hoofstukke beskryf is, die minimum offers is wat die Here verwag. Bo en behalwe hierdie offers kon die volk ook offers bring as hulle sekere geloftes gemaak het, of as hulle eenvoudig vrywillige offers wou bring. Hierdie offers en feeste wat hier beskryf word, was egter die ruggraat van die formele aanbidding van die Here deur die volk. En juis dit maak dit so waardevol vir ons om die implikasies hiervan vir ons aanbidding te oordink.

Oorsig oor die offers en feeste (Num 28:3-29:38)

As jy deur die twee hoofstukke lees, word dit baie gou duidelik dat die offers wat voorgeskryf is, gerangskik is volgens die frekwensie waarteen hulle gebring moes word. Num 28:3-8 beskryf die daaglikse offers, Num 28:9-10 die weeklikse offers op die sabbatdag, Num 28:11-15 die maandelikse offers aan die begin van elke maand, en Num 28:16-29:38 beskryf vir ons die jaarlikse feeste – daar was 5 sulke feeste: die paasfees/fees van die ongesuurde brode (Num 28:16-25), die fees van die weke, oftewel die pinksterfees (Num 28:26-31), die fees van die trompette (Num 29:1-6), die groot versoendag (Num 29:7-11) en die loofhuttefees (Num 29:12-38).

Soos reeds genoem word slegs die detail van die offers wat gebring moes word, gegee, saam met die tyd wanneer dit gebring moes word. Diereoffers moes gebring word op al hierdie tye. Saam met die diere-offers word daar ook telkens genoem dat die nodige graan en drankoffer bygevoeg moes word. Nou, julle sal onthou dit was juis in Num 15 bygevoeg na die gebeure by Kades-Barnea toe die Here geoordeel het dat weens die onwilligheid van die volk om die beloofde land in te neem, die eerste geslag oor ‘n periode van 40 jaar in die woestyn sou sterf. Die graan en drankoffers was nie iets wat die volk kon bring terwyl hulle in die woestyn rondtrek nie – en die Here wou hierdeur die volk bemoedig en sê dat daar wel ‘n tyd sal kom dat hulle dit sal kan bring, en dit is na hulle die land ingeneem het. Ek gaan nie telkens verwys na die detail van die graan- en drankoffers nie – maar jy kan die detail daarvan self gaan lees.

Kom ons som nou die inligting wat vir ons hier gegee word op, en kyk wat ons daaruit kan leer:

Offer/Fees	Datum	Diere-offers
Daaglik	Daaglik	2 lammers (oggend en aand)
Weeklikse sabbat	Elke sabbatdag	2 lammers
Maandeliks	1ste dag van elke maand	2 bulle, 1 ram, 7 lammers, sondeoffer
<u>Jaarliks:</u> Pasga/Ongesuurde brood Fees van die weke/Pinkster Fees van die trompette Groot Versoendag Loofhuttefees	14de-21ste van 1ste maand 7 weke na pasga 1ste dag van 7de maand 10de dag van 7de maand 15de-22ste dag van 7de maand	2 bulle, 1 ram, 7 lammers, sondeoffer (per dag) 2 bulle, 1 ram, 7 lammers, sondeoffer 1 bul, 1 ram, 7 lammers, sondeoffer 1 bul, 1 ram, 7 lammers, sondeoffer Dag 1: 13 bulle, 2 ramme, 14 lammers, sondeoffer Dag 2: 12 bulle, 2 ramme, 14 lammers, sondeoffer Dag 3: 11 bulle, 2 ramme, 14 lammers, sondeoffer Dag 4: 10 bulle, 2 ramme, 14 lammers, sondeoffer Dag 5: 9 bulle, 2 ramme, 14 lammers, sondeoffer Dag 6: 8 bulle, 2 ramme, 14 lammers, sondeoffer Dag 7: 7 bulle, 2 ramme, 14 lammers, sondeoffer Dag 8: 1 bul, 1 ram, 7 lammers, sondeoffer

Enkele opmerkings:

- Die offers was kumulatief: d.w.s op die sabbatdag moes die daaglikse offers sowel as die sabbatoffers gebring word, op die eerste dag van die maand moes die daaglikse offers sowel as die maandelikse offers gebring word.
- Let op die groot getalle wat ter sprake is. Wenham het bereken dat daar jaarliks 113 bulle, 32 ramme, 1086 lammers, meer as 'n ton graanoffers en duisende bottels olie/wyn geoffer moes word. Wat die volk moes raaksien, is hoe suksesvol hulle kon verwag om te wees in die beloofde land as hulle soveel offers moes bring.
- Die loofhuttefees staan by verre uit as die grootste fees van almal. Byvoorbeeld: 71 van die 113 bulle wat jaarliks geslag moes word, moes op die loofhuttefees geslag word. Die tweede grootste fees is die pasga/fees van die ongesuurde brood. By die loofhuttefees is daar 71 bulle geslag, by die pasga slegs 14; by die loofhuttefees is 105 lammers geslag, by die pasga slegs 49. Ons kom netnou terug hierna.

Nuwe Testamentiese perspektief op die offers en feeste

Kom ons probeer om nou 'n Nuwe Testamentiese perspektief te werp op dit wat ons in hierdie twee hoofstukke leer. Soos wat hierdie twee hoofstukke die ruggraat beskryf van die aanbidding van die volk in die Ou Testament, gaan ons nou probeer om beginsels te kry waarvolgens ons God moet aanbid.

Soos wat ons vroeër in Heb 10 al gesien het, was nie een van hierdie offers effektief om die werklike sondenood van die volk aan te spreek nie, maar hulle was skadubeelde wat na Jesus se eenmalige en volmaakte offer gewys het, waardeur die sondenood wel effektief aangespreek is. Oftewel, in die woorde van Johannes die Doper in Joh 1:29: "Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem."

Die offers van elke sabbatsviering het sekerlik na Jesus se offer gewys. Maar die sabbat is natuurlik ook geassosieer met rus – rus na 'n week se werk. Heb 4:8-11 leer ons egter daar is nog 'n manier waarop ons na hierdie rus moet kyk – die beloofde land was ook die land van rus. Die volk sou in die beloofde land rus van hulle stryd in die woestyn en natuurlik van die stryd om die land in te neem. Maar dan gaan Heb 4 voort en leer ons dat die rus in die beloofde land op sy beurt net 'n skadu is van 'n nog groter waarheid – naamlik dat daar 'n rus is wat wag vir die ware volk van God. Dit is natuurlik die rus in die hiernamaals. Ons kan nie nou op al die detail ingaan nie, maar soos wat God gerus het na Hy Sy skeppingswerk afgehandel het, gaan ons dan ook in die hiernamaals rus van ons werk in hierdie lewe om God se skeppingsopdragte uit te voer. Dit beteken nie ons gaan onaktief wees nie, nee, ons gaan juis besig wees met aanbidding en verheerliking van God – soos wat die volk elke week op die sabbatdag moes doen. 'n Element van ons aanbidding sal dus gefokus moet wees op hierdie komende rus.

Uit beide 1 Sam 20:5-6 en 2 Kon 4:23 blyk dit dat die nuwemaansfeeste (d.w.s. nuwe maand feeste) geleenthede was waar gelowiges/families bymekaar gekom het. Dit sal dus ook deel moet wees van ons aanbidding.

Ons is redelik goed vertrouwd met die inhoud van die pasga/fees van die ongesuurde brood. Op hierdie fees het die volk terug gedink aan hulle verlossing uit Egipte. Dit was juis tydens die pasga wat Jesus gekruisig is en Sy eenmalige effektiewe offer gebring het. Sodoende word ons geregverdig en effektief van ons sondes gereinig. Op hierdie fees het die volk vir sewe dae lank geen suurdeeg gebruik het nie – suurdeeg is 'n skadu van sonde. In ons aanbidding sal ons dus moet fokus op Jesus wat ons uit die slawehuis van die sonde verlos het, en ook ons daarop moet toelê om te breek met sonde.

Die volgende fees was die fees van die weke, 7 weke na die pasga. Op hierdie fees het die volk die insameling van die graanoes gevier. Die graanoes was die eerste oes van die seisoen – en daarom word dit ook die fees van die eersteling genoem (v26 OAV). In die Nuwe Testament word na hierdie fees verwys as die pinksterfees. Dit kom van die Grieks “pentecost” wat 50 beteken – 7 weke is 49 dae, plus nog 1 dag is 50 dae na die paasfees. Maar ons weet dit was juis op hierdie fees dat die Heilige Gees uitgestort is – 50 dae na die kruisiging. En met die uitstorting van die Heilige Gees het 3 000 mense tot geloof gekom – as’t ware as die eersteling van die oes van gelowiges. Sedertdien kom gelowiges steeds in – ons sal dit moet insluit in ons aanbidding van die Here!

En dan kom die sewende maand wat bykans volledig aan aanbidding gewy was. Dit begin met die trompet wat blaas om die heilige karakter van hierdie maand aan te kondig. Van die eerste dag van die maand tot die 10de dag kon die volk hulle voorberei met die oog op die komende Groot Versoendag. Met die Groot Versoendag het hulle hulle doelbewus voor die Here verootmoedig, hulle sondes bely, en die hoëpriester het in die Allerheiligste ingegaan om vir hulle en sy eie sondes versoening te doen. Daar sal ruimte moet wees in ons aanbidding om ons voor die Here te verootmoedig en ons sondes te bely, terwyl ons ons beroep op daardie eenmalige effektiewe offer van Jesus!

En dan kom die groot fees – die reuse loofhuttefees. ‘n Fees van agt dae lank. ‘n Fees waartydens die meeste offers gebring is. ‘n Fees waartydens die tyd afgetel word – tot daar op die sewende dag die volmaakte getal van sewe bulle geoffer word – en dan word ‘n agste dag bygevoeg om nog fees te vier. In Joh 7:37 word die laaste dag van die huttefees beskryf as die groot dag van die fees! Op hierdie fees het die volk twee dinge gevier: enersyds die voltooiing van die insameling van die oes (dit is nou die einde van die seisoen – wat begin het met die fees van die weke / pinksterfees), en andersyds het hulle in tydelike skuilings gewoon om terug te dink aan hoe die Here hulle bewaar het op hulle tog deur die woestyn. En tog, al was dit die grootste fees, is dit ‘n fees waarmee ons redelik onbekend is. Ek vind die volgende beskrywing van twee kommentare oor hierdie fees egter baie insiggewend:

- Philips beskryf in sy kommentaar die volgende: Blaai na Luk 1. In vers 5 lees ons van die priester Sagaria, wat natuurlik die pa was van Johannes die Doper. Ons lees dat hy deel was van die Abia diensgroep. In 1 Kron 24:7-19 lees ons dat Dawid die priesters in 24 diensgroepe verdeel het, en die agste groep was die groep Abia – waarvan Sagaria nou deel was. Hierdie verse beskryf die volgorde waarin die diensgroepe diens gedoen het. As daar 24 groepe was, beteken dit dat elke groep ‘n halwe maand diens gedoen het. Abia was die agste groep – en moes dus diens gedoen het in die laaste helfte van die vierde maand van elke jaar. Volgens Luk 1:8 was dit juis tydens die Abiagroep se diensbeurt dat Sagaria in die tempel diens gedoen het – en dit was toe, m.a.w. in die laaste helfte van die vierde maand, dat Johannes se geboorte aangekondig is, en dus dat Elisabet swanger geword het. Volgens Luk 1:26 het die engel 6 maande later aan Maria verskyn en gesê sy gaan swanger word – dit moes dus in die tweede helfte van die 10de maand gewees het. As Jesus 9 maande later gebore is, beteken dit Hy is in die tweede helfte van die sewende maand gebore – juis wanneer die loofhuttefees gevier is! Ek gee toe – hier is ‘n paar aannames gemaak, en dit word nooit direk in die Bybel gesê nie. Maar kan ek direk byvoeg: Jesus is op die paasfees gekruisig, en die Heilige Gees is op die pinksterfees uitgestort. En tog was die loofhuttefees ‘n beduidend groter fees as hierdie twee feeste. ‘n Mens sou dan verwag dat daar iets beduidends op die loofhuttefees moes plaasvind! In Engels word die loofhuttefees die “feast of tabernacles” genoem. Kan ek jou herinner aan Joh 1:14: “Die Woord het mens geword en onder ons kom woon” – letterlik, onder ons kom “tabernakel”! Dit lyk of dit op die “feast of

tabernacles” was dat Jesus onder ons kom tabernakel het. ‘n Paar jaar later was dit ook op die laaste dag van die loofhuttefees dat Jesus uitgeroep het: “As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink!” (Joh 7:37)

- Die New Bible Commentary beskryf die betekenis van die loofhuttefees ietwat anders. Hier word geredeneer die oes van die eersteling (graanoes) aan die begin van die seisoen is gevier tydens die fees van die weke, oftewel die pinksterfees. Die afhandeling van die oes, aan die einde van die seisoen, is gevier met die loofhuttefees. Met Pinkster het die eersteling van gelowiges ingekom. Die hele seisoen word daar hard gewerk tot die laaste oes van gelowiges ook ingekom het, dan volg die groot fees aan die einde van die seisoen, want al die gelowiges het ingekom. Ons weet dit gaan gepaard met Jesus se wederkoms! Die argument hier is dus dat die loofhuttefees vooruit kyk na Jesus wederkoms. Onthou jy hoe sug die skepping in Rom 8 in afwagting op hierdie dag? Onthou jy hoe vra die afgestorwe gelowiges onder die altaar in Op 6:10 “Hoe lank nog?” voor hierdie dag aanbreek? Miskien is dit hoekom hulle die dae so aftel op die loofhuttefees – tot daardie laaste dag, die groot dag van die fees! Philip redeneer die loofhuttefees wys na Jesus se eerste koms, New Bible Commentary redeneer dit verwys na Sy tweede koms. Ek wil die twee saamgooi en sê as die loofhuttefees die fees is wat wys na Jesus se eerste en tweede koms, is dit g’n wonder dat dit die fees der feeste was nie! Onthou jy in Openbaring hoe groot die feesvreugde is op daardie dag? Duidelik sal dit aandag moet kry in ons aanbidding van die Here.

Samevatting

In Num 28-29 het ons die ruggraat van Ou Testamentiese aanbidding van die Here. Maar dit is voorbeelde vir ons waaruit ons kan leer wat die beginsels behoort te wees van ons aanbidding. Kan ek ‘n paar beginsels uithaal:

- Ons aanbidding moet ryk inhoud hê as dit ‘n lieflike geur voor die Here wil wees. Die Here verlustig Hom in ryke erkenning van daardie eenmalige en absoluut effektiewe offer wat Sy geliefde Seun gebring het. Dit was in elke offer op elke fees verteenwoordig. Ons durf dit nie uitlaat uit ons aanbidding nie. Ons moet ons verheug in ons verlossing deur Jesus uit die slawehuis van sonde (paasfees), ons moet ons verlustig in die werk van die Heilige Gees (pinksterfees), ons moet met dankbaarheid terugkyk na Jesus se eerste koms, en met groot opgewondenheid vooruit kyk na Sy wederkoms en die realisering van God se verborge bedoeling met alles (loofhuttefees), wanneer ons in daardie ewige rus kan ingaan wat Hy vir one berei het (sabbatdag). Intussen moet ons ons gereeld voor die Here verootmoedig (groot versoendag).
- Alhoewel ons as individue of gesinne ons in hierdie inhoud kan verdiep, moet dit definitief deel wees van ons formele gesamentlike aanbidding as gelowiges in die gemeente. Dit moet in ons liederes wees, in ons gebede, in ons preke, in ons Bybelstudies, in ons onderlinge meelewing. Ons moet seker maak al hierdie aspekte het hierdie ryk en kosbare inhoud – dan is ons aanbidding ‘n lieflike geur voor die Here.
- In die Ou Testament was die verskillende elemente gestruktureer: daaglik, weeklik, maandeliks en verskeie jaarlikse feeste, en die offers was in detail gespesifiseer. In die Nuwe Testament is daar sekere dinge wat vas is: die gemeentes moet vergader, die sakramente moet bedien word, die Woord moet verkondig word. Maar daar is ook meer buigsaamheid: die formaat van eredienste is buigbaar, daar is verskillende sienings oor datums op die geestelike kalender soos Kersfees, Hemelvaart, Pinkster, ens. Maar ons moet seker maak al bogenoemde aspekte vind gereeld aandag in die gemeentelike aktiwiteite en daarom is ‘n mate van struktuur tog nodig: byvoorbeeld: formaat van eredienste, frekwensie van

Bybelstudies, inhoud van preke, frekwensie van nagmaal, inhoud van gebede, geleentehede vir verootmoediging, fokus op die hiernamaals.

- In Rom 12:1-2 word ons opgeroep om ons lewens aan God toe te wy as lewende, heilige en God welgevallige offers. Onder andere sluit dit in dat ons hard moet werk ter wille van die uitbreiding van die koninkryk – en dit is goed en reg. Maar ons moet nooit vergeet nie dat aanbidding van die Here waar ons doelbewus fokus op die inhoud wat ons hierbo beskryf het – en dan doelbewus die Here daarvoor loof en prys en Hom verheerlik uit opregte, dankbare en opgewonde harte, is 'n absoluut essensiële deel van ons aanbidding.